## Hoofstuk 76 - KORREKTE HEILIGE VERERING (20.03.1841) HIM1.299

*Die vier dogters van Anselm Hüttenbrenner het die volgende vrae gevra:*

*1 Marie: "**Hoe moet ons die Heiliges vereer?"***

*2 Wilhelmine: "**Hoe moet 'n mens die Meester regtig liefhê?"***

*3 Paulusine: "In die begin was die Woord en die Woord was by God en die Woord was God - **wat sê hierdie inleiding tot die Evangelie van Johannes?***

*4 Julie: "**Wat is ware nederigheid?"***

***(Inleiding tot die vrae)***

01] Liewe kinders! Is dit regtig so moeilik om te vind wat mens wil hê? - As iemand honger is, sal dit hom lank neem om iewers iets te vind om hom te versadig? - Of wie dors is, sal hy dan, gedryf deur die brandende dors, van die een fontein na die ander loop en die waters proe of dit geskik om sy brandende dors te les? Waarlik, hy sal beslis by die naaste fontein bly en daar sy dors les. – Jy sien, dit geld ook vir julle!

02] Dat julle almal in die gees nog baie honger en dors is, sal julle nog beslis beleef, sou julle net die begrip van jou hart, die "maag" van die gees, ter harte neem en jouself afvra na die wesenlike van die dinge, wat julle so tallose kere omgewe, en na die, aan julle nog **heeltemal onbekende, innerlike lewe van die gees.**

03] Kyk net uit vir die groot **spyskaart van die skepping** en daarna in die **groot koskas van die gees**, sodat dit in die toekoms nie vir julle moeilik sal wees nie, veral as julle steeds daaraan dink dat, in My lig beskou, wat aan julle gebring word deur die lewende water uit die put van Jakob, 'n sonstoffie na 'n wêreld vergroot word!

04] Maar as so 'n (son)stoffie reeds so groot word en oorlopens toe vol van sy, nog onbekende wonders, hoe groot dan sal daardie dinge vir julle word, waarteen 'n sonstoffie tot niks versink of bykans heeltemal verlore raak – in die aanbidding van slegs 'n sandkorrel, laat staan nog 'n plant, 'n boom, 'n berg, 'n dier of selfs 'n mens!

05] Nadat dit nou aan julle gewys is hoe om in die toekoms makliker die geskikte kos te vind tot julle versadiging, so wil Ek julle dit nou weergee, want julle het gevra vir dit wat 'n taamlik moeisame soektog kan wees.

1 06] Vir sover dit die **aanbidding van die Heiliges** aanbetref, sê Ek aan julle niks anders nie as dit: Vereer deur julle liefde en nederige gehoorsaamheid, **slegs die Allerheiligste** – so sal alleen deur hierdie gedenkwaardige eerbetoon, ook al julle bekende en onbekende heiliges op die mees toepaslike wyse vereer word! **Want aan My alleen behoort alle verering, alle lof, alle dank, alle lofprysing en alle aanbidding.** Slegs deur My en in My word alle mense verheerlik, wanneer hulle ten eerste My Naam in hulle harte verheerlik het, **deur ware liefde en 'n lewende geloof in die Gees en in die Waarheid**.

07] Maar om dit beter en grondliggend te verstaan, dink ook daaraan dat **slegs Ek die deur na die Lewe is**. En wie nie inkom by hierdie deur nie, is 'n dief en 'n rower. – Daarom: Elkeen wat vermoeid en belas is, of 'n sieke is vol gebreke, dié moet na My toe kom, sodat Ek hulle kan vertroos en versterk. Want so iets sal hy nêrens anders vind as by My en in My nie!

2 08] Wat die tweede vraag betref, net hulle het My opreg lief, **wat My alleen liefhet en sy naaste deur My**. Wie My só liefhet, dit is hulle wat My liefhet in **Gees en in Waarheid**! Want hoe kon hulle My anders liefhê, **daar Ekself die ewige Gees van alle Liefde is, alle Mag en Krag, en ewenwel die ewige Waarheid!**

09] Wie My aldus só liefhet, dit is dié wat My gebooie onderhou. Maar wie My gebooie onderhou, na hulle sal Ek kom in My Drie-eenheid as Vader, Seun en Gees en sal in hul harte inwoon en My daar openbaar deur die Lewende Woord, 3 wat aan die Begin was en (ewig) was (en is) by God. Want God self was, is en sal ewig die Woord wees, wesenlik in alle dinge, **as die Ewige Lewe, Liefde, Lig, Krag en Mag van ewigheid tot die ewigheid.**

10] Maar wie My op hierdie wyse opreg liefhet, is ook van ganser harte **nederig**. Of kan 'n arrogante mens wel iemand liefhê? Lê daar nie veel eerder in die hoogmoed, die veragting vir alles wat daartoe onderliggend is, en wat dit omgeef nie? - Die hoogmoedige man wil niks hoër as om homself aanskou nie; en kan hy homself ook nie tot die hoogste waansinnigheid opstel nie. Moet hy homself aan 'n hoër gesag onderwerp, dan doen hy dit slegs uit eiebelang. En wanneer hy iemand met 'n oënskynlike liefde omhels, is dit sowel as wat hy wil sê: "Omdat ek jou nie met geweld kan oorheers nie, wil ek jou met my listigheid vang en jou tot my slaaf maak!

11] Net so spreek die gulsige een tot sy vriende, en net so spreek die ydele wêreldse bruidegomme tot hulle dwase bruide; want hulle almal verhef hulle volgelinge slegs vir dieselfde doel as wat 'n arend 'n skilpad optel, net om deur hul val daarna iets te wen!

12] **4** Kyk, liewe kinders, uit dit alles volg dit dat **slegs die ware nederige mens in staat is om My waarlik lief te hê, dit is, in die Gees en in die Waarheid!**

13] Maar wie My egter só liefhet, het My lief as die lewende, ewige Woord wat, naamlik JaHshua die Messias is, die ewige Lewe en ook alle dinge deur Hom! Maar elkeen wat JaHshua die Messias liefhet, die gekruisigde, en Hom verheerlik voor die wêreld en Hom bely met groot blydskap in hul hart, hulle sal Ek verheerlik en bely voor My Vader, Ek dieselfde JaHshau die Messias. **Dit wil sê, hy sal omvorm word**

**voor die Aangesig van My Goddelikheid en die Heiligheid daarvan**.

14] As dus diegene wie My altyd liefhet en My verheerlik, daardeur weer verheerlik word – dan sekerlik sal al My volgelinge, wie die Heiliges in die hemele is, met so ‘n verheerliking nie tekortskiet nie! Want wat Ek neem, neem Ek nie vir Myself nie, maar vir julle en julle broers.

15 Wie aan My iets gee, gee dit aan almal. Maar wie dit aan 'n ander gee, hy is 'n dwaas; want wat hy gee, kry hy nie terug nie, en die gawe sal die betrokkenes nie bereik nie, maar soos 'n onryp vrug sal dit onder die boom van die lewe vertrap word.

16] Liewe kinders, moenie hierdie gawe as 'n menslike een beskou nie, maar as een wat vol lewe is! Vestig dit deeglik in julle harte en handel daarvolgens, so sal julle erken dat die Woord alles in almal is en hoe die Woord by God, en God self ewig die Woord is! Amen.

17] Dit spreek hierdie Woord tot julle uit Homself! Amen.